



VENSTER VAN DIE LEWE

2019

DERDE KWARTAAL

Venster op 'n nuwe begin

WEEK 4: 28 Julie tot 3 Augustus 2019

Genesis 22:1-19

Inleiding.

Wanneer ons dink oor problematiese Bybeltekste, is Genesis 22 dikwels die eerste storie waaraan ons dink. Hoe kan God soiets van Abraham vra? Ons gaan vandag hierby stilstaan.

Lees Genesis 22:1-19

1. Watter vrae ontstaan by jou wanneer jy hierdie gedeelte lees?

Bybelstudie

Mense in die antieke wêreld het besef hulle oorlewing hang af van goed soos kos en water. Vir kos om te groei het jy son en water nodig, nie te veel nie, en nie te min nie. Mense het besef hulle is afhanklik van magte wat hulle nie kan sien of beheer nie. Mense het geglo dat hierdie magte of aan jou kant is, of teen jou is. Jou kos groei, of nie. Jy kry kinders, of nie. Jou diere word meer, of nie. Hoe hou jy hierdie magte aan jou kant? As jy weer oes, offer jy 'n deel. As jy weer slag, offer jy 'n lam.

Wat gebeur as jy dit alles gedoen het en die reën kom nie, of jou vee word nie meer nie?

Jy neem aan jy het nie genoeg gedoen nie! Jou offer was onvoldoende. Te min. So jy bied meer aan. En meer en meer. Jy weet nooit waar jy met die gode staan nie...

En as dit goed gaan? As die reën gekom het, die oes groot was, die diere aanteel? Wat maak jy dan? Jy moet dankie sê. Jy offer weer 'n deel daarvan.

- Maar hoe weet jy jy het genoeg dank betoon? Dink maar net aan Kain en Abel se verhaal. Een boetie se offer was genoeg, 'n ander boetie s'n was nie.
 - Spanning het 'n reuse rol gespeel in die godsdiens van die antieke wêreld. Jy weet nie waar jy met die gode staan nie. Jy offer. Is dit genoeg? Is dit teveel? Dan gaan dit goed en jy offer om dankie te sê, maar offer jy genoeg? Gaan die gode tevrede wees met jou dankbaarheid of gaan hulle jou weer straf?
 - Spanning. Onsekerheid. Skuldgevoel.
- Of dinge goed gaan of nie, die antwoord is offer meer, doen meer, gee meer. Jy weet nie of dit genoeg is nie.
 - Jy offer 'n deel van jou oes, dalk 'n lammetjie, dalk 'n kalfie. Meer en meer en meer. Wat is die grootste offer wat jy kan bring om vir die gode te wys dat jy dankbaar is?
 - Jou kind
- Al die gode vra dit, maar nie hierdie God nie.

Lees weer Genesis 22:1-19

2. Nadat jy die agtergrond oor offers en antieke Godsdiens gelees het, en weer Abraham se verhaal gelees het, dink 'n bietjie: Wat maak Abraham se God anders as die gode waaraan die antieke mens gewoon was?

3. As God nie 'n offer vra nie, wat vra God van Abraham? Gesels veral oor geloof en vertroue.

4. Kyk na jou antwoorde op vraag 1. Maak dit nou meer sin? Bespreek dit...

5. Hoe kan hierdie verhaal ons vandag nog help om oor God te dink?
